

Woensdag 22 September

Skrifgedeelte: Judas:1, 2	Fokusgedeelte: Judas:1 (1983-vertaling)
---------------------------	---

Van wie aan wie? Van die Here aan jou – begenadigde

Die kort briefie van Judas bevat slegs een hoofstuk. Dit is onseker presies wie die Judas is wat dit skryf. Daar is veral twee moontlikhede. Die een is dat dit Judas Barsabbas is, wat saam met Silas gestuur is om Paulus en Barnabas te help (kyk Hand. 15:22). Die ander is dat dit Judas, die broer van Jakobus, albei seuns van Maria, en dus broers van Jesus, was. In die geval sou Judas nie sy verbintenis as broer van Jesus bekendmaak nie, aangesien Jesus ten tye van die skrywe reeds verheerlik was en ook deur sy broers aanbid is. In alle geval ag die skrywer hom as 'n slaaf (of dienaar) van Jesus Christus. Dit gaan nie oor hom nie, maar oor die Here Jesus Christus.

Vir ons is dit nie bepalend wie die skrywer is nie, ons glo immers dat die Woord van God deur die Heilige Gees geïnspireer is en dat ook hierdie brief die gesagvolle woord van die Here is. Die Here praat self met ons in die brief.

Ons weet ook nie waar die gelowiges, aan wie hy geskryf het, gebly het nie. Uit die brief lei ons af dat dit gelowiges is wat deur dwaalleraars verlei was om van die ware geloof afvallig te word. Die terme waarmee hulle beskryf word, is vir ons van belang – ook omdat dit, ongeag van hulle omstandighede, op alle gelowiges van toepassing is. Hulle – soos ons – is geroepenes wat deur God die Vader geheilig is en hulle – soos ons – word deur Jesus Christus bewaar. Beide werkwoorde is in 'n tyd geskryf wat aandui dat dit met mense gebeur het en dat die gevolge daarvan nog voortduur.

Ons is geroep, geheilig en word bewaar. Dit bly vertroostend om so aangespreek te word. Selfs al is daar dinge waaroor die Here ons in die brief ernstig gaan aanspreek, bly dit die status waarin gelowiges voor God kan lewe deur die verlossing van Jesus Christus. Wie geroep, geheilig en bewaar word, mag ook seker wees van die barmhartigheid, vrede en liefde van God – en dit in oorfloed!

Sing: Psalm 138-1:1, 4

Ds. HS Coetzee (Fanie) (Potchefstroom Die Bult)